KONSTITUSIE VAN CACADU VOËL BOERDERY ASSOSIASIE

1. NAAM

Die naam van die klub sal bekend wees as: "Cacadu Voël Boerdery Assosiasie"

2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die klub is:

2.1 Om hoë etiese waardes by sy lede te bevorder.
2.2 Om as spreekbuis vir sy lede te dien en om namens hulle op te tree
2.3 Om skakeling tussen lede van die klub te bevorder.
2.4 Om die belange van sy lede te bevorder om papegaaie aan te hou, te teel en mee handel te dryf.
2.5 Om die wetenskaplike ontwikkeling van papegaaiteelt te bevorder en sy lede daarvan op hoogte te hou.
2.6 Om die papegaaiteler ingelig te hou rakende plaaslike en internasionale aangeleenthede.
2.7 Om met die PVSA te skakel as klub en om die verpligtinge van die PVSA na te kom.
2.8 Om by die owerhede waar toepaslik te affilieer of te registreer.
2.9 Om affiliasie van enige organisasie, waarop die uitvoerende komitee mag besluit het, te aanvaar.

3. REGSPERSOONLIKHEID EN MAGTE

Die klub sal regspersoonlikheid hê met die volgende magte:

3.1 Om roerende en nie roerende eiendom te besit en daarmee tot voordeel van sy lede te handel.
3.2 Om enige beskikbare fondse tot voordeel van sy lede aan te wend.
3.3 Om lenings aan te gaan
3.4 Om in enige hofgeding of arbitrasie op te tree.
3.5 Om bankrekenings te open en te beheer.
3.6 Om ledegeld, toetree fooie en inskrywings fooie vas te stel en op sy lede te hef.
3.7 Om personeel, raadgewers, deskundiges en konsultante aan te stel en te betaal.
3.8 Om enige iets te doen wat nodig is om sy magte uit te oefen en om uitvoer aan sy doelwitte te gee.
3.9 Erelidmaatskap aan iemand toe te ken wat dan geen jaargelde sal hoef te betaal nie

3.10 Gemagtig om waar nodig in lid wat finanseël bedruk is of lei finansieël te help met jaarlikse lidmaatskap fooie.
3.11 Om enige aktiwiteite te inisieer, bv veilings, wat op 'n basis van meerderheid stemme besluit is op Klub vergaderings.

Die bogenoemde magte sal uitgeoefen word deur die Uitvoerende Komitee.

4. LIDMAATSKAP EN LIDMAATSKAPFOOIE

Lidmaatskap is toegangklik vir enige persone wat papegaaie besit, teël of daarin belang stel en wat aanbeveel en gesekondeer is deur twee bestaande lede van die Klub.

4.1 Lede gelde is jaarliks, nie later as die laaste dag van Maart, betaalbaar vir die betrokke kalender jaar. Lede wie se ledegeld uitstaande is, sal nie geregtig wees om te stem op enige vergadering van die Klub nie.
4.2 Ledegeld sluit jaargelde van die PVSA in.
4.3 Die finansiële jaar is 'n kalendar jaar
4.4 Geen lid wie se ledegeld ten opsigte van enige jaar nie opbetaal is nie, sal geregtig wees op enige regte of voorregte verbonde aan lidmaatskap van die Klub totdat alle gelde verskuldig aan die Klub deur die lid betaal is.

4.5 Erelede, lewenslange lede en / of beskermheer moet deur die algemene jaar vergadering goedgekeur word.

5. BEDANKING, BEëNDIGING EN VERBEURING VAN LIDMAATSKAP

5.1 'n Lid van die Klub mag bedank deur sy bedanking skriftelik aan die Klub voor te lê.
5.2 Die Uitvoerende Kommitee mag die lidmaatskap van enige lid van die Klub opskort of beeïndig as die Uitvoerende Kommitee, nadat die geleentheid aan die lid gebied is om sy saak te stel, van mening is dat die lid tot die Klub se nadeel opgetree het.
5.3 Die lidmaatskap van enige lid wie se ledegeld vir 'n tydperk van meer as 3 maande onbetaald bly, bereken vanaf die dag wat dit betaalbaar was, is ipso facto beëindig.

6. BESTUUR

6.1 Die bestuur van die Klub sal behartig word deur die Uitvoerende Komitee.
6.2 Lede van die Uitvoerende Komitee dien vir **'n** termyn van twee jaar. Uittredende lede word jaarliks deur 'n meerderheid van stemme by die Jaarlikse Algemene Vergadering verkies, sittende lede is herkiesbaar en uittredende lede is herkiesbaar. Die uitgaande voorsitter moet verkieslik dien as 'n addisionele kommitee lid vir tenminste een jaar na sy termyn as voorsitter. Dit is om te

veroorsaak daar 'n aanhoudende konstante reg werkende uitvoerende kommitee sal aan gaan.

6.3 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit:
1. Voorsitter
2. Veilings Voorsitter indien benodig word. (kan ook enige ander amp beklee)
3. Vise Voorsitter
4. Sekretaris
5. Penningmeester

6.4 Die Uitvoerende Komitee mag 2 addisionele lede met deskundige kennis koöpteer om op die Uitvoerende Komitee te dien.

6.5 Die Uitvoerende Komitee sal gekies word deur geslote brief per komittee lid (vakature)

6.6 Indien daar enige vakatures in die Uitvoerende Komitee bestaan, mag 'n lid waarop 'n gewone vergadering besluit waarneem tot die algemene jaarvergadering.

6.7 Alvorens 'n lid op die Komitee mag verkies word, moet hy / sy hom / haar bereid verklaar daartoe.

7. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Die Uitvoerende Komitee het, onderhewig aan die algemene beleid van die Klub en terme van die Konstitusie, alle magte wat deur de Klub uitgevoer mag word en sal:

7.1 Alle instruksies van die Algemene Jaarvergadering van die lede uitvoer.

7.2 'n Verslag voorlê, rakende sy aktiwiteite van die afgelope jaar, asook behoorlike finansiële state van die afgelope finansiële jaar by elke Algemene Jaarvergadering.

7.3 Geregtig wees om subkomitees aan te stel en om sake aan sodanige subkomitees toe te vertrou.

7.4 Geregtig wees om enige persoon, komiteelid of sub-komiteelede aan te stel om enige magte namens die Klub uit te oefen.

8. VERGADERINGS

Ses Uitvoerende Komitee vergaderings en 'n Jaarlikse Algemene Vergadering sal jaarliks gehou word.

8.1. Die Sekretaris sal, ten minste veertien dae vooraf kennis van aan alle komitee lede gee.

8.2. Die kworum vir 'n Komitee Vergadering bestaan uit die Komitee lede wat geregtig is om te stem en wie teenwoordig is by die vergadering.

8.3. Stemmery sal geskied volgens opsteek van hande of stembriefie.

8.4. Die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee, of in sy afwesigheid die Vise voorsitter, sal optree as Voorsitter by enige Komitee Vergadering van die Klub.

8.5. Sou beide afwesig wees, sal die vergadering sy eie Voorsitter verkies

8.6. Besluite by alle vergaderings is deur 'n meerderheid van stemme.
8.7. Die Voorsitter van enige Komitee of Algemene Jaarvergadering het 'n beslissende stem by 'n staking van Stemme.
8.8. Die reëls wat toepasbaar is by enige Komitee Vergadering is ook van toepassing op enige Jaarlikse Algemene Vergadering en Spesiale Vergadering van lede.

9. JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

By die Jaarlikse Algemene Vergadering moet die volgende bespreek en oorweeg word:
9.1. Die Voorsitter se jaarverslag
9.2. Die jaarlikse finansiële state
9.3. Enige voorstelle wat 2 maande voor die algemene jaarlikse vergadering skriftelik deur 'n lid gemaak is.
9.4. Lede vir die Uitvoerende Komitee te kies.
9.5. Alle ander sake, wat bespreek mag word by die Jaarlikse Algemene Vergadering, af te handel.

Die agenda vir die Jaarlikse Algemene Vergadering sal opgestel word deur die Uitvoerende Komitee.

10. SPESIALE VERGADERING VAN LEDE

'n Spesiale Vergadering van lede kan belê word deur die Voorsitter so gou as moontlik na ontvangs van 'n skriftelike verslag deur enige drie lede van die Uitvoerende Komitee of deur enige tien lede van die Klub. Die skriftelike versoek moet die redes verskaf vir die versoek om 'n Spesiale Vergadering van lede en die Sekretaris sal sodanige sake op die sakelys plaas.

11. FINANSIES

11.1. Toetree en Lidmaatskap fooie sal deur die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd vasgestel word en deur die Jaarlikse Algemene Vergadering goedgekeur word.
11.2. Lede wat gedurende die jaar aansluit, betaal die volle toetree fooie, maar lidmaatskap fooie sal op 'n pro rata basis bereken word.
11.3. Alle gelde wat deur die Klub ontvang word, sal so gou as moontlik na ontvangs gedeponeer word.
11.4. Die finansiële jaar van die Klub neem in aanvang op 1 April van elke jaar en eindig op die laaste dag van Maart.
11.5. Die Penningmeester sal behoorlik verslag van die finansiële sake van die Klub hou en die boeke sal te alle tye beskikbaar moet wees vir inspeksie deur enige lid van die Uitvoerende Komitee.

11.6. Ondertekenaars: enige twee van die Voorsitter, Vise Voorsitter, Penningmeester of Sekretaris mag teken namens die Klub

11.7. Die Penningmeester is verantwoordelik te same met die Sekretaris dat all Klub lede se inligting by die VVSA op datum gehou word.

11.8 Klub jaargelde sluit affilasie gelde by die VVSA in.

11.9 Finansiële jaarstate moet ondertekening word deur die Voorsitter, Penningmeester en 'n komitee lid.

12. PLIGTE VAN LEDE

12.1. Die finansiële verpligting van elke lid is beperk tot die betaling van sodanige lidmaatskap fooie en / of ander bedrae wat deur hom aan die Klub verskuldig is.

12.2. By aanvaarding van lidmaatskap, endosseer 'n lid die doelstellings en oogmerke van die Klub en dit word van hom verwag om dit te bevorder.

13. INTERPRETASIE

Sou daar enige onsekerheid bestaan rakende die betekenis of interpretasie van hierdie Konstitusie, sal die interpretasie deur die Voorsitter finaal en bindend op alle lede wees.

14. AMENDEMENTE TOT DIE KONSTITUSIE

14.1. Die Konstitusie van die Klub mag gewysig word as die wysigings goedgekeur is deur ten minste twee derdes van die teenwoordige lede, wat geregtig is om te stem, by 'n Jaarlikse Algemene Vergadering.

14.2. Kennis van die voorgestelde wysigings van die Konstitusie moet ten minste dertig dae voor die Algemene Jaarvergadering aan die Sekretaris / Penningmeester voorgelê word en besonderhede daarvan moet in die agenda van die vergadering uiteengesit word.

15. ONTBINDING

15.1. Die Klub mag ontbind deur 'n besluit wat geneem is deur twee derdes van minstens tien lede gemagtig om te stem by 'n Algemene Vergadering wat vir die doel saamgeroep is. Die agenda van so 'n algemene vergadering moet kennis van die voorgestelde mosie van ontbinding bevat.

15.2. By ontbinding moet die bates van die Klub in 'n Trust gehou word vir ten minste drie jaar, daarna moet dit aan enige ander liggaam oorhandig word wat dieselfde belange het.

15.3. Die Uitvoerende Komitee sal na ontbinding as likwidateur van alle van die Klub optree en vir sodanige doel sal die Uitvoerende Komitee bly voortbestaan, ten spyte van die ontbinding van die Klub.

Hierdie Konstitusie sal in werking tree:

Vanaf: 23de FEBRUARIE 2015

Geteken: _____ Datum: 23/2/2015